

# Die RPO: vir *Produsente* deur PRODUSENTE

DR FRIKKIE MARÈ - Frikkie@rpo.co.za, 084 446 6787

Georganiseerde landbou in Suid-Afrika kom al baie lank aan. Volgens die internet is die oudste landbou-organisasie in die land Agri-Expo, wat in 1831 gestig was as die Die Kaap van Goeie Hoop Landbouvereniging. Ander algemene landbou-organsasies het gevolg, eers in streeksverband, soos die Natal Landbou-Unie (1891) en Transvaal Landbou-Unie (1897), en het later groepeer om `n nasionale liggaam te word (AgriSA, destyds SALU, in 1903).

Soos wat die tyd aangestap het en veranderings in die landbou landskap plaasgevind het, het georganiseerde landbou ook verander. Kamers en lessenaars is binne algemene organisasies gestig om kommoditeite, landboubesighede en provinsies/streke se spesifieke kwessies te hanteer. Later het van hierdie organisasies onafhanklik geword. Kommoditeitsorganasies (GraanSA, RPO, NWKV ens.) het basies elk sy eie groepering gevorm. Die landboubesighede het onder AgBiz

groepeer en TLU het besluit om hulle nasionale organsie, TLU-SA te stig.

Die bogenoemde is `n baie ingeperkte opsomming van die geskiedenis, met baie feite en ander veranderings wat weggelaat is, maar dit illustreer tog die konsep van voortdurende verandering, uitbreiding en in sommige gevalle ook hergroepering. Vandag het Suid-Afrika `n legio van landbou-organisasies met, in sommige gevalle, meer as een organisasie wat `n sekere groepering in die landbousektor verteenwoordig.

Ongeag die wye verskeidenheid organisasies, hulle verskillende doelwitte, hul siening oor beleid en die getal lede wat hulle verteenwoordig, is daar twee algemene delers vir almal. Eerstens is die feit dat al hierdie organisasies uit lede bestaan, wat hulself vir mede-lede bearbei. Ja, natuurlik is daar amptenare vir administratiewe doeleindes, kennis en die uitvoer van take, maar die besluite word steeds deur lede (produsente) tot voordeel van hulle mede- produsente geneem. Tweedens is die hoofdoel van elke organisasie om lede met dieselfde doelwitte te groepeer om sodoende bedingingsmag vir die lede te bekom.

Die RPO is ook so `n organisasie. `n Organisasie met `n lang geskiedenis, wat deur rooivleisprodusente vir rooivleisprodusente bestaan. Soos wat die tye verander het, het die RPO ook hulle doelstellings verander en aangepas, nuwe uitdagings die hoof gebied en sekere aksies laat vaar. Na 30 jaar as `n onafhanklike organisasie het die tyd egter weer aangebreek om seker te maak dat die organisasie steeds belyn is met sy lede se behoeftes en doelstellings.

Die RPO wil hierdie jaar, 2025, gebruik om presies dit te doen. Om met ons lede te konsulteer en die rigting van die organisasie vir die mediumtermyn te bepaal. Ja, alhoewel ons moet besluit op die belangrikste aksies wat gedryf moet word, is daar tog goed wat ononderhandelbaar is. Die RPO is en sal `n organisasie vir primêre bees-, skaap- en bokprodusente bly. Ons hoofmandaat sal altyd wees om tot alle koste die omgewing waarin hierdie produsente moet boer positief te beïnvloed deur as `n kollektiewe bedingingsmag vir produsent op te tree.

Die RPO se bestaansreg, soos die van ander kommoditeitsorganisasies, lê opgesluit in die feit dat `n lewendehawe produsent unieke uitdagings en geleenthede het wat `n graan-, vrugte-, pluimvee- of visprodusent nie het nie. As die organisasie wat jou as rooivleisprodusent moet verteenwoordig, moet ons egter weet van hierdie uitdagings en geleenthede, hoe dit verskil tussen streke en spesies, waar die brandpunte lê en wat jy nodig het om geleenthede op jou pad te kan benut. Ons het egter ook jou hulp nodig om seker te maak dat dit wat geïdentifiseer was, wel volbring word.

As RPO wil ons jou versoek om met ons te gesels. Gee vir ons jou uitdagings en probleme, maar ook oplossings in hoe ons dit gaan bereik sodat ons as produsente, vir produsente `n plan op die tafel kan sit om die primêre rooivleisprodusent se toekoms te help verseker.

